STUDENTEGIDS

HUGENOTE-BYBELINSTITUUT

# KERKLIKE DIPLOMA: BEDIENAARS MET PREEK- EN EREDIENSLEIDING-VAARDIGHEID

## MODULE: 1

## GEREFORMEERDE TEOLOGIE

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

Hierdie aantekeninge word aan geregistreerde studente van die Hugenote-Bybelinstituut verskaf en bly die eiendom van die Bybelinstituut. Alle regte word voorbehou en die notas mag nie in enige vorm weergegee word nie, behalwe met toestemming van die Hugenote-Bybelinstituut aan Hugenote Kollege.

# INHOUDSOPGAWE

INHOUDSOPGAWE ........ - 2 -
1. INLEIDING ........ - 3 -
2. ALGEMENE INLIGTING ........ - 4 -
3. UITKOMSTE, TEMAS EN ASSESSERINGSKRITERIA ........ - 5 -
3.1 Temas ........ - 5 -
3.2 Uitkomste ........ - 5 -
3.3 Assesseringskriteria ........ - 5 -
4. LEERSKEDULE ........ - 7 -
5. ASSESSERING ........ - 8 -
6. AANBEVOLE BRONNE ........ - 8 -
7. VERKLARING DEUR KANDIDAAT & FASILITEERDER ........ - 9 -
8. MODULE-EVALUERING ........ - 10 -

# 1. INLEIDING

Welkom by Module 1: Gereformeerde Teologie.

Hierdie module bied 'n breë oorsig oor die agtergrond en inhoud van die Belydenisskrifte en Gereformeerde belydenis. Dit sal kandidate toerus met ‘n basiese kennis van die sogenaamde reformatoriese “sola’s” en ook aan hulle ‘n inleidende kennis van die Apostoliese Geloofsbelydenis bied. Dit sal kandidate ook oriënteer ten opsigte van die hooftemas van die sistematiese teologie. Op die vlak van vaardighede sal dit kandidate toerus om die heilshistoriese verhaal te kan oorvertel en om vanuit ‘n ekumeniese sensitiwiteit met gelowiges van ander kerke om te gaan.

Die **doel** van hierdie module is om kandidate wat die Kerklike Diplomakursus vir Bedienaars met Preek- en erediensleidingsvaardigheid volg, toe te rus met kennis, vaardighede, selfkennis en duidelikheid oor hulle roeping.

Die inligting van hierdie module vorm saam met module 2 (Gereformeerde Kerkbegrip) die basis vir al die Bedienaarskursusse. Gediplomeerde Bedienaars sal dus nie die basismodules hoef te herhaal wanneer hulle vir verdere Bedienaarskursusse inskryf nie.

Die Studentegids bevat al die relevante inligting wat nodig is om Module 1 sinvol te volg en bemeester. Kandidate sal aan die begin van die opleiding voorsien word van die Studentegids en die fasiliteerders sal die inhoud daarvan met die kandidate bespreek en seker maak dat dit reg verstaan word. Die fasiliteerders en kandidate moet die verklaring aan die einde van die Studentegids onderteken as bewys dat die inhoud daarvan bespreek is. Kandidate sal ook die geleentheid kry om sowel die inhoud van die leermateriaal en die fasilitering daarvan aan die einde van die kursusaanbieding anoniem te evalueer.

# 2. ALGEMENE INLIGTING

**Die Fasiliteerder en lesings**

Die Kerklike Diploma vir Bedienaars met Preek- en erediensleidingvaardigheid word as ‘n gemengde leerprogram aangebied. Dit beteken dat die leermateriaal met behulp van internettegnologie en -kommunikasie sowel as in kontaksessies aangebied word na gelang van die omstandighede en behoeftes van individuele groepe. Die primêre werkswyse en rooster van kontaksessies sal deur die fasiliteerder met elke groep gekontrakteer word aan die begin van die kursus. Die afstandsonderrig kan via die Hugenote Kollege se “MyNotes”-studenteportaal hanteer word. MyNotes is 'n webwerfgebaseerde platform wat die akademiese inligting van studente integreer. Kandidate wat vir die Kerklike Diploma vir Bedienaars met Preek- en erediensleidingvaardigheid registreer, sal ook op MyNotes geregistreer word en sal 'n studentenommer en wagwoord ontvang wat aan hulle toegang tot die program bied. Deur aan te meld op MyNotes, kan kandidate toegang tot kursusmateriaal kry, met die fasiliteerder en ander studente kommunikeer, hul opdragte inlewer en terugvoering kry oor werkopdragte en hulle vordering. MyNotes sal ook aan kandidate toegang tot biblioteekhulpbronne en ander belangrike dokumente gee soos in die kursus vereis. Die fasiliteerder sal van MyNotes as kommunikasiekanaal gebruik kon maak om deurlopend beskikbaar te wees vir konsultasie rakende die opleiding.

**Lesingstye**

Die rooster met datums en tye van kontaksessies sal aan die begin van die kursus deur die fasiliteerder met individuele groepe gekontrakteer word.

**Algemene Inligting**

Dit is die verantwoordelikheid van kandidate om hulleself te vergewis van die inhoud van die Studentegids en die vereistes, datums, werkswyse en afsprake waartoe met die fasiliteerder ooreengekom word.

Die modus van onderrig kan die volgende insluit: lees, selfstudie-aktiwiteite, aanlynforums/ bloginteraksie, aanlyn MyNotes meervoudige keuselyste, aanlyntake/-aktiwiteite/-toetse, luister-/kyk tutoriale, videokonferensies, groepbesprekings, werkplekervaring, opdragte asook eweknie-samewerkende leer. Dit word van kandidate verwag om in ooreenstemming met die ooreenkoms van die groep met hulle betrokke fasiliteerder:

- ♣ Gereeld op MyNotes te registreer;
- ♣ Betekenisvol aan forum- en blogbesprekings deel te neem;
- ♣ Aktiwiteite voor of op sperdatums in te dien (laatindiening kan met persentasie-vermindering beboet word);
- ♣ Aanlynopdragte soos versoek uit te voer.

# 3. UITKOMSTE, TEMAS EN ASSESSERINGSKRITERIA

## 3.1 TEMAS

In ooreenstemming met die doel van hierdie module sal aan die volgende temas aandag gegee word:

In ooreenstemming met die doel van hierdie module sal aan die volgende temas aandag gegee word:

1. Die Drie-enige God (Triniteit)
2. Missionale Teologie
3. Omvang van die Evangelie (Loci van Sistematiese Teologie) met fokus op Skrifverstaan
4. Agtergrond en inhoud van die Belydenisskrifte (Reformatoriese sola's en Apostolicum)
5. Hermeneutiek
6. Begrip van en deelname aan onderskeidingsprosesse

## 3.2 UITKOMSTE

Die leeruitkomste van hierdie module is die volgende:

1. Kandidate sal oor geloofskennis aangaande die Drie-enige God en Sy heilsopenbaring beskik en in staat wees om dit in die Afrikakonteks te kommunikeer.
2. Kandidate sal 'n begrip van missionaliteit (missionale teologie) hê en in staat wees om die implikasies daarvan vir die bediening te verduidelik.
3. Kandidate sal oor inleidende kennis van die reformatoriese sola's, plot en temas van die evangelie beskik en die vaardigheid hê om die heilshistoriese verhaal oor te vertel.
4. Kandidate sal beskik oor kennis van die agtergrond en inhoud van die Gereformeerde belydenisskrifte. (Apostolicum en beleidenis van Nicea)
5. Kandidate sal oor kennis van die algemene Kerkgeskiedenis beskik en die vermoë hê om dit oorsigtelik oor te dra ter plasing van die Gereformeerde tradisie.
6. Kandidate sal oor 'n basiese verstaan van Hermeneutiek beskik.
7. Kandidate sal die beginsels van geloofsonderskeiding verstaan en in die geloofs-gemeenskap daaraan kan deelneem.

## 3.3 ASSESSERINGSKRITERIA

3.3.1 Verslag van getuienis gelewer aan groep in die gemeente oor die kandidaat se verstaan en oortuiging van God se selfopenbaring as Drie-enige God.

3.3.2 Voorlegging (PowerPoint of plakkaat) gemaak aan die plaaslike kerkraad waarin die missionale verstaan van kerkwees verduidelik is met aanbevelings oor hoe dit in die gemeente implementeer kan word.

3.3.3 Raamwerk van 'n vertelling van die heilshistoriese verhaal aan die hand van die temas van die evangelie en Apostolicum volgens die model van "6 bedrywe" (NT Wright) soos voorgedra aan 'n groep in die gemeente.

3.3.4 Raamwerk van gesprek met senior katkisante oor die agtergrond en inhoud van die Gereformeerde belydenisskrifte.

3.3.5 Klankopname van ‘n oorsigtelike vertelling van die algemene kerkgeskiedenis met fokus op die ontwikkeling en plek van die Gereformeerde tradisie daarin.

3.3.6 ‘n Werkstuk van nie meer as 5 A4 folios getik in enkelspasiëring waarin die unieke aard van “teologiese hermeneutiek” en die implikasies daarvan vir Skrifverstaan verduidelik word.

3.3.7 ‘n Beskrywing van die kandidaat se deelname aan ‘n onderskeidingsproses ter identifisering van ‘n etiese probleem/gemeenskapsbehoefte in ‘n bepaalde geloofs-gemeenskap of gemeente.

# 4. LEERSKEDULE

Die skedule van leer sal aan die begin van die kursus deur die betrokke fasiliteerder met die ingeskrewe kandidate gekontrakteer word en daarna hieronder ingevoeg word.

| Afspraak (Tyd) | Tema | Literatuur | Assessering |
|---|---|---|---|
| **bv**. Week 1 (6-12 Feb) | Wie is God? | Baly 1976: bl. 1-7; | MyNotes Werkstuk |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |
| | | | |

# 5. ASSESSERING

Kandidate moet oor die vaardighede en kennis beskik soos gespesifiseer in die uitkomste van die module onder punt 3 aangedui. Kandidate sal deurlopend assesseer word en moet werkstukke en ander assesseringsbewyse via MyNotes inlewer vir opname in ‘n “Bewyslêer” wat op die Kollege se studentestelsel opgebou sal word. Kandidate moet ook ‘n Joernaal hou waarin na elke opleidingsessie per datum gereflekteer word oor hulle individuele ervaring en geloofsgroei by die hantering van die kennisinhoude en vaardigheidsoefeninge. Die Bewyslêer en Joernaal sal deur die Hugenote-Bybelinstituut aan die einde van die opleiding met die oog op sertifisering geverifieer word.

# 6. AANBEVOLE BRONNE

**Gereformeerde Teologie:**


Smit, D.J. 2018. *Ons Glo In. Gedagtes en motiewe uit wat die kerk bely oor God as Vader, Seun en Heilige Gees.* Bybel-Media, Wellington.

Smit, D.J. 1987. *Hoe verstaan ons wat ons lees. ‘n Dink- en werkboek oor die hermeneutiek vir predikers en studente.* NG Kerk-Uitgewers, Kaapstad

Smit, D.J. 2006. *Neem, lees! Hoe ons die Bybel hoor en verstaan.* Lux Verbi.BM, Wellington.

Jonker, W.D. 1976. *Die Woord as Opdrag.* N.G. Kerkboekhandel, Pretoria

*Die Apostoliese Geloofsbelydenis - ’n Eietydse uitleg* - Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. 2013 http://www.ngkerkas.co.za/wp-content/uploads/2013/04/Apostolicum.pdf

# 7. VERKLARING DEUR KANDIDAAT & FASILITEERDER

Ek, __________________________________________________ (naam en van - kandidaat), _______________________ (Studentenommer), bevestig hiermee dat ek die Studentegids vir Module 1: Gereformeerde Teologie ontvang het. Die fasiliteerder het die inhoud van die gids met my bespreek en aan my die geleentheid gebied om:

- vrae in verband met die Module te vra
- inligting aangaande my leerbehoeftes te bekom.

Ek verstaan dat ek verantwoordelik is om die inligting te gebruik en die riglyne te volg ten einde te voldoen aan die vereistes vir die opleiding.

Onderteken (kandidaat): _______________________________________________

Onderteken (fasiliteerder): ______________________________________________

Datum: _________________________

# 8. MODULE-EVALUERING

Die Hugenote-Bybelinstituut streef daarna om aan sy studente leermateriaal en 'n leerervaring te bied wat hulle in staat stel om hulle volle potensiaal te bereik. Die kwaliteit van die leermateriaal en die effektiwiteit van onderrig kan slegs verbeter word wanneer formele terugvoer van studente ontvang word wat in ag geneem kan word by die hersiening van materiaal en die toerusting van fasiliteerders. Daarom word u versoek om by voltooiing van hierdie module die onderstaande evalueringsvorm te voltooi en anoniem in te handig.

**AFDELING A: Metode van leer en onderrig**

*Gebaseer op jou ondervinding van die metode van onderrig van hierdie module, beoordeel die volgende stellings op grond van die skaal hieronder deur jou keuse met 'n X te merk.*

**A = Stem heelhartig saam B = Stem saam C = Neutraal D = Stem nie saam E = Verskil heeltemal**

| Stelling | Gradering | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E |
| Die fasiliteerder het duidelike inligting oor die doel, uitkomste en assesseringskriteria van hierdie module aan my gekommunikeer. | | | | | |
| Die fasiliteerder het die uitkomste verduidelik, belangrike inligting beklemtoon en die belangrikste konsepte verklaar. | | | | | |
| Die fasiliteerder het verwagtings en opdragte duidelik gekommunikeer. | | | | | |
| Die fasiliteerder het duidelike, konstruktiewe en spesifieke kommentaar en terugvoer op werkopdragte gegee binne 'n redelike tyd na inhandiging. | | | | | |
| Die fasiliteerder het deelname aangemoedig deur studente te betrek by gesprekke, hulle die geleentheid te gee om vrae te vrae en menings te lig. | | | | | |
| Die fasiliteerder beskik oor effektiewe kommunikasievaardighede. | | | | | |
| Die fasiliteerder was behoorlik voorbereid en het die onderwerp onder bepreking goed geken en het kennis- en vaardigheidsoordrag entoesiasties gefasiliteer. | | | | | |
| Die fasiliteerder het respek getoon vir die kultuur en agtergrond van individuele studente. | | | | | |

Opmerkings (sluit voorstelle in ter verbetering van metodes van onderrig en leer):

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________

**AFDELING B: Inhoud van leermateriaal en opdragte/aktiwiteite**

*In die lig van jou ervaring van die inhoud van die studiemateriaal van hierdie module, beoordeel asseblief die onderstaande stellings volgens die onderstaande skaal deur jou keuse met 'n X te merk.*

**A = Stem heelhartig saam B = Stem saam C = Neutraal D = Stem nie saam E = Verskil heeltemal**

| Stelling | Gradering | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | A | B | C | D | E |
| 'n Verskeidenheid van leermateriaal het bygedra tot verhoogde belangstelling in die leermateriaal en het leer bevorder. (bv. audio | | | | | |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| visueel en/of ander tegniese hulpmiddels) | | | | | |
| Geskrewe materiaal (bv. teksboeke, aanvullende leesstof en uitdeelstukke is aan my beskikbaar gestel (bv. in die Kollegebiblioteek of op MyNotes). | | | | | |
| Voorgeskrewe materiaal was verstaanbaar en kon duidelik in verband gebring word met assesseringskriteria. | | | | | |
| Die verband tussen werkopdragte en/of aktiwiteite en die leermateriaal was duidelik en afgestem op die bereiking van die leeruitkomste. | | | | | |
| Werkopdragte en aktiwiteite het gehelp om te verstaan hoe die teorie met die praktyk verband hou. | | | | | |
| Werkopdragte en aktiwiteite is met duidelike en verstaanbare aanduidings gegee. | | | | | |

Opmerkings (sluit voorstelle ter verbetering van leermateriaal in):

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

| **AFDELING C: Eie belewing**<br>*Gradeer asseblief die volgende stellings volgens die skaal hieronder gebaseer op jou leerervaring tydens die aanbieding van die module deur jou keuse met 'n X te merk.*<br>**A = Stem heelhartig saam B = Stem saam C = Neutraal D = Stem nie saam E = Verskil heeltemal** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Stelling** | **Gradering** | | | | |
| | **A** | **B** | **C** | **D** | **E** |
| Ek is tevrede dat die hoeveelheid werk en die moeilikheidsgraad van die module toepaslik was. | | | | | |
| Ek is betrek by die leeraktiwiteite van hierdie module. | | | | | |
| Die fasiliteerder het my belangstelling in die leermateriaal aangewakker. | | | | | |
| Ek is tevrede dat ek die nodige kennis opgedoen het wat nodig is om effektief te kan funksioneer in die praktyk. | | | | | |
| Ek is tevrede dat ek die nodige vaardigheid aangeleer het wat nodig is om effektief te kan funksioneer in die praktyk | | | | | |

Opmerkings (sluit voorstelle ter verbetering van kennis en vaardighede in):

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________

______________________________________________________________________________